

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.4 Vol 185 p 9567-9629

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-03-03

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

, PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

185

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 185

(Bladsye 9 567 - 9 629)

HOF HERVAT OP 3 MAART 1987.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Mnr. Ramakgula,
... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ekskuus, kan ons net kyk wie is afwesig?

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 10 is steeds afwesig. Die ander
is almal hier.

HOF : Dit word genotuleer.

MNR. FICK : Mnr. Ramakgula, ons is nog steeds by die ver-
gadering van 4 September. Is daar in die vergadering vir(10)
mnr. Chikane gesê dat julle op 3 September op pad Houtkop
toe was? -- Ek het gesê ek kan nie alles onthou wat aan hom
oorgedra was nie. Al wat ek kan sê in antwoord daarop is
dat dit moontlik is dat dit wel so aan hom oorgedra was.

Dan wil ek net nog een aspek daaroor vra. Kan u onthou
dat iemand vir mnr. Chikane gesê het wat die doel van julle
mars was op 3 September? -- Ek sê dit is moontlik dat dit
wel aan hom genoem was, al kan ek nie met sekerheid sê dat
dit direk aan hom gesê was nie, maar op 'n manier kan dit
wees dat dit oorgedra was aan hom. (20)

Het u self op hierdie vergadering gepraat met mnr.
Chikane? -- Nee, ek het nie direk met hom gepraat nie.

Het enigeen op hierdie vergadering ooit vir mnr. Chikane
gesê "Kyk, ons het 'n memorandum gehad die betrokke dag wat
ons wou gaan aflewer het? -- Ek het alreeds gesê ek kan nie
direk onthou presies wat aan hom oorgedra was nie. Met die
gevolg sal ek vir die Hof kan sê dat ek nie kan sê of iemand
vir hom so gesê het nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê
is dat die dag se vergadering was bedoel om 'n bespreking
uit te voer tussen ons vir die reëling van 'n vergadering (30)

met/...

met die gemeenskap daar om die gebeure van 3 September by daardie vergadering wat ons moes gereël het te gaan bespreek.

Maar u sien, beskuldigde nr. 10, ek wil net aan u stel dat in volume 161 op bladsy 7 944, het vir hierdie Hof gesê dat Chikane was ook daar om te hoor wat aangaan in die Vaal? -- Ek het al reeds gesê dit kan wees dat hy miskien vir ander redes ook daar was, maar wat ek wel van geweet het was die volgende aangaande die pamflet wat ons wou gehad het. Dit is wat ek in gedagte gehad het as sy rede van teenwoordigheid by hierdie vergadering. (10)

Ek wil met u gaan na die vergadering van 6 September toe. Moet die Staat van die feit dat u in u hoofgetuienis niks getuig het oor wat op hierdie vergadering gesê is nie, daarvan aflei dat u tot vandag toe nog nie weet wat op die vergadering gesê was nie? -- Watter een is dit nou?

6 September se besoek aan Johannesburg? -- Ek is nie seker nie. Vanaf die 4de, as 'n mens nou twee dae laat verloop, sal die ander dag dan die 6de wees na verloop van die twee dae?

HOF : Ja. -- Sal dit nie die 7de wees nie? (20)

Wel, weet u van 'n byeenkoms waar mense bymekaar gekom het in Johannesburg twee dae na die 4de? -- Ja, dit is reg.

MNR. FICK : Is dit die geval waar u en beskuldigde nr. 11 en Tshotshotsho en die eienaar van 'n kar na Johannesburg toe gegaan het en waar julle weer vir eerwaarde Chikane gesien het? -- Ja, dit is so.

Nou is die vraag, moet die Staat aflei van die feit dat u in u hoofgetuienis niks oor hierdie vergadering gesê wat daar gesê is nie, dat u tot vandag toe nog nie weet wat daar gesê is nie? -- In my getuienis het ek daarvan gepraat (30)

dat/...

dat die rede hoekom ons daar was, was oor die besprekings van die geld waarvan ons reeds gehoor het dat die geld beskikbaar is om die mense te help wat dood gekry het in hulle families. Dit was dus met die oog daarop om daardie reëling te gaan tref hoe die geld bekombaar kan wees.

Kom ons probeer dit net kort hou. Weet u wie het wat gesê op daardie vergadering? -- Dit is presies wat ek verduidelik dat die vergadering in 'n Blanketaal voortgesit was. Al wat ek vir u kan sê is dat die doel van ons besoek daar was aangaande die geld. (10)

So, u het nie 'n woord verstaan wat op die vergadering aangaan nie? -- Dit is presies so.

En u weet vandag nog nie? -- Tot vandag toe. Al wat ek weet is dat die vergadering wat gehou was daar was aangaande die geld.

Maar ek vind dit baie vreemd, toe u nou by hierdie vergadering uitkom wat u nie 'n woord van verstaan het nie, het u nie daar vir McCamel of beskuldigde nr. 11 of mnr. Tshotshotsho gevra "Nou wat maak ek by die vergadering? Wat is hier gesê? Ek het nie 'n woord verstaan nie." -- (20)

In my getuienis het ek gesê ek het verneem van beskuldigde nr. 11 dat daar vroeër by McCamel 'n vergadering gehou was waar dit bekend geword het van die geld wat beskikbaar is en dit was toe besluit by daardie vergadering dat enigeen van die komitee wat tyd het kan in die geselskap van diegene wat gaan om navraag te doen oor die geld, om te verneem presies hoe die geld bewerk moet word en dus verstaan ek nie as u dit aan my stel dat ek van niemand probeer vasstel het waaroor dit daar gegaan het nie.

Het u na die tyd uitgevind hoe die geld verdeel moet (30)

word/...

word? -- Wat ek later vasgestel het, was dat McCamel by die families wat dood het sal besoeke moet aflê en daar hulp verleen.

Hy alleen? -- Weens die feit dat dit aan my bekend was dat as h mens van McCamel praat, dan praat daardie persoon van die voorsitter, het ek dit aan hom gelaat as h voorsitter dat hy nou gaan besluit saam met wie hy wil gaan om hierdie besoeke af te lê.

Weet u, h ander aspek, uit u eie kennis of die huis van Esau Raditsela afgebrand was na 3 September? -- As ek (10) nog reg onthou, is die huis op die 5de aan die brand gesteeke.

HOF : Van watter maand? -- Septembermaand.

MNR. FICK : Die middag, die oggend of wanneer? -- Ek was nie by toe die huis aan die brand geslaan het nie. Dus kan ek nie sê of dit in die oggend, middag of namiddag was nie.

Het u self gesien dat die huis wel gebrand is? -- Ja, ek onthou op h sekere dag wat ek daar was, het ek gevind dat die huis gebrand is.

Was dit die 5de of lank na die 5de of wat probeer u sê? -- Ek kan nie meer onthou na hoe lank dit was nie. (20)

So, u het geen eie kennis of die huis die 5de gebrand het nie, want u weet nie wanneer na die tyd het u die huis gesien nie? -- Hoe ek dit geweet het was as gevolg van die mense wat daar gepraat het, wat geweet het wanneer die huis aan die brand gesteeke was. Dus weet ek nou as gevolg van wat hulle gesê het dat die huis op die 5de gebrand het.

Nadat die Staat verneem het van hierdie memorandum wat nou moontlik in die huis van Esau tot niet sou gegaan het in die brand op 4 of 5 September 1984, het ons gaan ondersoek instel en wat sal u sê as ek vir u sê ons is in besit van h (30)

beëdigde/...

beëdigde verklaring van Esau se moeder wat sê 10 September was hierdie huis nog nie gebrand nie?

MR BIZOS : My Lord, My Learned Friend is entitled to put that the house was not burnt on the 5th, but I do not think that he can make reference to affidavits which he has in his possession. They do not add other than possibly try and persuade Your Lordship extra judicially what the position may be.

COURT : I do not know to what extent it may become relevant. If it becomes relevant he might even ask for the calling (10) of Esau's mother. I do not know and then your objection will be that it has not been put. So, it cuts both ways.

MR BIZOS : No, I have no objection to it being put that the house was not damaged.

COURT : I think we are wise enough to disregard the reference to the affidavit of Esau's mother. You can trust us that far.

MR BIZOS : No, I am sure, even much further.

MNR. FICK : Nou wat sê u van die feit dat die Staat oor inligting beskik dat die huis op 10 September nog nie gebrand was nie? -- Toe ek by die toneel was, het ek gesien dat (20) die huis gebrand is en ek het met mense daar gesprekke uitgevoer oor hierdie huis. Hulle het aan my gesê die huis was op die 5de aan die brand gestee. So, dit staan as 'n feit wat my betref dat daardie huis gebrand is en wat ek verneem het van die mense is dat die huis op die 5de aan die brand geslaan het.

HOF : Dit het u gehoor toe u by die huis gekom het en gekyk het na die huis? -- Dit is reg, ja. Ek was daar gewees waar ek na die huis gekyk het toe dit aan my oorgedra was.

MNR. FICK : Ek wil aan u 'n ander aspek stel dat die (30)

oggend/...

oggend van 3 September 1984 toe daardie mars van Small Farms af weg is, toe was daar al op verskeie plekke in Sebokeng plekke wat gebrand het? -- Ja, sê vir my waar in Sebokeng?

Ek gaan dit nou vir u sê. Getuie Van Deventer het hier getuig dat in Gebied 13 om 07h10 die oggend toe is sy voertuig al aangeval en die werkswinkel en sy voertuig is met 'n petrolbom uitgebrand. Het u op hierdie mars niemand gehoor praat daaroor nie? -- Ek woon in Gebied 7. Om 07h10 was ek nog in my huis gewees. Tweedens, die optog het vertrek van Small Farms af in daardie rigting. Die rigting wat (10) ek van praat is die rigting van Gebiede 13 en 11 en derdens, by hierdie optog het ek niemand gehoor praat van enige brandende plekke of wat alreeds aan die brand was nie.

Dan het getuie Mathonsi getuig, volume 72 bladsy 3 836 tot 7 dat raadslid Shabalala se huis is 09h00 die oggend in Gebied 12 aangeval? -- By daardie tyd, 09h00 het die optog vertrek vanaf Small Farms. Ek weet niks daarvan nie.

Weet u waar bly raadslid Shabalala? -- Ek hoor u praat van Gebied 12. Ek weet nie.

Ek sê weet u waar bly hy? -- Nee, ek weet nie. (20)

Ken u 'n plek met die naam van Sebokeng College? -- Nee, ek ken nie so 'n plek nie.

Die getuie Nkiwane in volume 72 bladsy 3 855 het getuig dat 08h00 die oggend is daardie skool aan die brand gestee in Gebied 7? -- Watter een?

'n Skool bekend as Sebokeng College? -- Ek ken nie van so 'n skool nie en om en by 08h00 was ek op pad na Small Farms.

HOF : Laat ons nou duidelikheid kry. U woon in Gebied 7?

-- Ja, dit is reg.

Ken u 'n kollege daar, 'n hoëropleidingsinrigting? -- (30)

Ek/...

Ek ken nie van so 'n plek nie. Ek weet van plekke waar onderwys gegee word aan kinders en ook as persone wat onderwys ontvang as onderwysers.

Waar hulle onderwysers oplei? -- Ja.

Ek lei af dit die kollege is. Ek is nie heeltemal seker nie. Waar is daardie plek geleë, die opleidingskollege? -- In die nabyheid van die plek bekend as Masenkeng.

En waar is Masenkeng? -- Dit is in die nabyheid van die kommissaris se kantore.

Wel, dit is dan baie naby vanwaar julle af vertrek (10) het? -- Ja, dit is reg.

As dit so is dat na hierdie ding verwys word en hy het gebrand om 09h00 dan moes u dit gesien het? -- Ek sal sê dit is leuens, want toe ons daar verbygegaan het, was daar geen teken van 'n brandende plek nie, selfs rook. Daar was glad nie rook gewees nie.

Maar het u die getuienis in die hof gehoor? -- Ek kan nie meer onthou dat ek daardie getuienis in hierdie hof gehoor het nie, maar wat ek vir die Hof sê is dat toe ons by daardie omgewing verbygegaan het, was net na 09h00, nie lank na (20) 09h00 nie.

En was die gebou toe heeltemal in orde, staande en nie gebrand nie? -- Ek sou nie in staat gewees het om die struktuur van die geboue te sien daar nie. Wat 'n mens maklik daar kon gesien het en sou gesien het was die rook indien die plekke aan die brand was.

Was daar rook? -- Ek het nie rook gesien nie. Dit is hoekom ek so sê.

MNR. FICK : Net volledigheidshalwe, weet u, het u later na 3 September gesien dat hierdie skool wel gebrand was, die (30) kollege/...

kollege? -- Tot vandag toe waar ek hier staan het ek self nog nie gesien dat daardie skool aan die brand was of uitgebrand is nie en niemand het ooit aan my dit kom sê nie.

Daar op die mars het niemand ook gepraat van die plekke wat hulle gekry het in Gebied 7, soos hierdie plek, wat aan die brand gestek is nie? -- Nie by die mars waar ek was nie.

Dan is daar ook die getuienis van brigadier Viljoen wat sê van 06h00 die oggend was daar klipaanvalle na busse en die polisie daar in Sebokeng. Volume 63 bladsy 3 359. -- Nee, ek weet nie daarvan nie. (10)

Niemand het ook gerapporteer daar by die mars dat daar sulke goed gebeur nie? -- Nie by hierdie mars nie. Daar was geen rapport gemaak nie.

Dan wil ek ook aan u stel dat kaptein Kuyter het in hierdie hof getuig in volume 69 op bladsy 3 653 dat 07h00 die oggend toe is die hoofpad van Sebokeng, daar waar die busse ry, versper en daar was ook aanvalle op busse gewees daar? -- Die persoon vertel nie die waarheid nie, want ons het ook gebruik gemaak van daardie roete wat die busse gebruik het en daar was geen sulke voorvalle nie. Selfs die beskrywings wat hy gee met die toestand van die paaie, het nie bestaan nie. (20)

En u het vir u advokaat opdrag gegee en gesê hierdie polisieman wat hier staan hy vertel 'n klomp leuens, daardie goed het nooit gebeur nie? -- Watter taal het hulle gepraat?

Dit maak nie saak nie. Dit is getolk. Is dit nie getolk vir u nie? -- Ek kan nie onthou dat dit oorgetolk was nie. Ek hoor dit vir die eerste keer.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry hier. Ek het deurgaans die standpunt gehandhaaf dat wanneer daar in een van die (30)

amptelike landstale gepraat word deur h getuie dit getolk moet word aan die beskuldigdes, tensy ek meegedeel word dat dit nie nodig is nie. Op sekere stadium is ek meegedeel dat dit nie nodig is nie. Op stadiums het die tolk by geleentheid getolk en by ander nie. Of dit in hierdie geval gebeur het, weet ek nie, maar die verstandhouding was deurgaans dat wanneer h beskuldigde nie volg wat gesê word nie, dat daar aan hom getolk sou word.

MNR. FICK : U is mos Afrikaans magtig? U verstaan dit? --

Ja, ek verstaan Afrikaans, maar nie so goed nie. (10)

Hierdie getuie het Afrikaans getuig? -- Dit is wat ek sê. As twee persone nou met mekaar praat en albei Afrikaanssprekend is, sal ek nie alles kan volg wat daardie persone van praat nie.

HOF : En ek wil verder op rekord stel dat wat ek so pas gesê het, gaan vir waar die getuies Engels gepraat het.

Waar daar Afrikaans gepraat is, is daar deurgaans getolk in hierdie hof. -- Ek kan nie onthou dat dit so aan my oorgedra was deur middel van h tolk nie. Of dit ooit gebesig was nie, want die Afrikaans wat ek besig is om net werk te gaan (20) of pad te gaan vra.

MNR. FICK : Wil u vir die Hof sê u het in hierdie hof nooit gehoor dat kaptein Kuyter getuig het dat daar by die hoofpad van Sebokeng 07h00 die oggend h klomp klippe gepak was en busse aangeval is met passasiers in wat reg gestaan het om te vertrek nie? -- Wat ek sê is die volgende. As hy sê dit was die posisie tussen die punt van die kommissaris se gebou tot by die poskantoor stem ek nie met hom saam nie. Dit was nie die toestand of die toedrag van sake gewees nie.

HOF : Dit is nou die poskantoor in watter gebied? -- In (30)

die/...

die nabyheid van Gebiede 11, 13 en 14. Net voor jy draai in die rigting van die garage.

MNR. FICK : Ek wil nou oorgaan om enkele dokumente aan u - ek wil aan u iets vra. Vrydag, 7 September 1984 het McCamel getuig was u en beskuldigde nr. 6 en mnr. Tshotshotsho en Esau en beskuldigde nr. 17 na Johannesburg na Frank Chikane toe en daar het julle ook vir Mathison Morobe by julle gehad? -- Ja.

Stem u saam met daardie getuienis? -- U sal onthou ek het nou net vanmôre hier gepraat van was dit nie die 7de (10) gewees nie? Dit is toe ek na daardie tyd verwys het wat daar gebeur het. Toe was dit gesê dit was die 6de. Ek het reeds van daardie gepraat van die 7de.

U sien, waarom ek u oor die 6de gevra het is omdat u in u hoofgetuienis gelei was dit was die 6de? -- Dus was ek verplig om dit te korrigeer en ek het dit gekorrigeer.

HOF : Ja, maar waarmee is ons nou besig? Wil u weet of Mathison Morobe daar was of wil u weet of daar op die 6de en die 7de 'n besoek was? Wat is nou eintlik die doel van die vraag? (20)

MNR. FICK : Ek wil twee goed vir hom vra. Sê u nou dit was die 7de die vergadering? -- Sover ek onthou, ja. Dit is wat ek alreeds vroeër vandag gesê het.

Dit was 'n Vrydag? -- Ek onthou dat dit die 7de was.

Kan u bevestig dat Mathison Morobe van die UDF daar was? -- Ek ken nie die mense wat daar was en waarvandaan hulle gekom het nie or waarheen hulle gegaan het nie.

HOF : Maar nou, ken u Mathison Morobe? -- Ek ken hom nie.

MNR. FICK : Op die betrokke dag, die 7de, het Esau aan julle gerapporteer "Maar kyk, die 5de is my huis afgebrand. Ek (30)

het/...

het nie meer 'n huis om in te woon nie"? -- Ek kan nie onthou dat so 'n verklaring gemaak was nie, behalwe miskien as hy dit in een van die amptelike tale genoem het, maar ek het dit nooit so verstaan nie.

En van daardie vergadering af, toe die vergadering verby is die 7de, is Esau saam met u terug na die Vaal toe? -- Nee, ons het nie saam met hom teruggekeer nie.

Kan u bevestig of McCamel en Esau en beskuldigde nr. 17 en nr. 6 saam met 'n ander persoon daar weg is vanaf die vergadering? -- Dit weet ek nie van nie. Ek is nie in staat(10) selfs om vir u te sê wie het waarheen gegaan van hierdie vergadering af nie.

U is nie Khotso House toe nadat u klaar met Frank Chikane gepraat het nie? -- Nee, ons het nie Khotso House toe gegaan nie.

U stem dan saam dat Esau het nie op die 4de verdwyn nie. Esau was die 7de nog by 'n vergadering waar u teenwoordig was? -- In my getuienis het ek hier gesê op die 4de was ons saam met Esau gewees en ook op die 7de was ons saam met hom gewees. (20)

Ek wil dan 'n aantal dokumente met u behandel. Eerstens BEWYSSTUK C110, volume 7. Ongeveer in die middel van die bladsy word daar verklaar, 'n bietjie bokant die middel "The campaign resulted in the creation of new civic organisations like Vaal Civic Association." Kan u, het u op enige stadium gehoor in besprekings waar u was dat die kampanje teen die Swart plaaslike besture van UDF verantwoordelik was vir die stigting van die VCA? Het julle dit so bespreek? -- Wil u nou weet of ons dit bespreek het?

Ja? -- Ek kan nie onthou dat ons dit bespreek het (30)

nie/...

nie.

Dan in dieselfde dokument C110 bladsy 17. Die opskrif van die bladsy is Vaal. Daar is vier kolomme op die betrokke bladsy. Nou wil ek aan u stel, in die tweede kolom word hier gesê dat die "Vaal Civic Association, the Sharpeville Anti-Rent Committee, the Vaal Women's Organisation, COSAS and AZAPO" en ander vakbonde was saam in hierdie kampanje. Kan u dit bevestig of ontken?

MR BIZOS : Where does it say that it was part of their campaign? We are dealing with an illiterate man, a document he has not seen. He is assured that there is something there. (10)

MNR. FICK : Om dit kort te maak, op dieselfde bladsy, die laaste kolom. Ek sou dit ook gestel het. Die vierde paragraaf sê hulle "All progressive organisations in the area joined together and called meetings during August 1984 opposing the increase." Kan ek u so vra, kan u bevestig dat die Vaal Civic Association, Sharpeville Anti-Rent Committee, Vaal Women's Organisation, COSAS en AZAPO saam vergaderings belê het teen die Swart plaaslike besture? (20) -- Die eerste ding wat ek aan u gaan sê is dat ek nie weet van die bestaan van hierdie organisasies, byvoorbeeld Sharpeville Anti-iets nie. Die AZAPO weet ek nie van nie. Dieselfde geld met die Women's wat ek aanneem is 'n organisasie vir vrouens. Ek dra geen kennis daarvan nie, in die sin dat ek nooit by hulle vergaderings was nie en ek was by geen vergadering gewees waar hierdie dinge bespreek was met VCA nie.

Die massavergaderings wat u oor getuig het 9 Oktober 1983 s'n en 26 Augustus 1984 s'n, was daar vrouesprekers (30)

ook/...

ook. Is dit reg? -- Ja, dit is die waarheid.

En u tante, Rina Mokoena, sy het op die 26ste se vergadering gepraat? -- Ja, ek weet daarvan.

Nou wil ek dit verder aan u stel. Hier word beweer dat daar hierdie "progressive organisations wrote letters to the council", wat weet u van hierdie storie? Is daar ooit briewe geskryf deur die VCA of deur u areakomitee? -- Die punt wat ek met u wou opgeklaar het, is. Bedoel u dat hierdie organisasies h vergadering gehou het waar daar briewe geskryf was en as dit die vraag is, my komitee het nog nooit gaan(10) sit en briewe geskryf nie. As u wil beweer dat hierdie organisasies by massavergaderings was waar daar so h besluit geneem was en sulke briewe geskryf was, dra ek geen kennis daarvan nie.

U kan die vergadering deel los, maar u weet ook nie van enige briewe wat die VCA self geskryf het aan die Administrasieraad oor die verhoogde huur nie? -- In my getuienis hier het ek gesê daar was h memorandum opgestel gewees. Dit het die mense se griewe bevat. Dit is die memorandum wat oorge- dra moes gewees het. (20)

Nee, dit is nie wat ek u vra nie. Daar is geen briewe geskryf deur die VCA aan raadslede oor die verhoogde huur nie? -- Nee, ek weet nie van sulke briewe nie.

Dan word dit vertel, hierdie organisasies in die gebied wat so saamgekom het en vergaderings gereël het, hulle sê daar was ook h petisie wat hulle gesirkuleer het in die Vaal? Weet u van die petisie? -- As u na my getuienis geluister het, het ek gepraat van die vergadering van die 26ste waar die gemeenskap besluite geneem het na die probleme van die gemeenskap bespreek was en ek praat nie van (30)

besluite/...

besluite wat sommer so geneem was nie. Ek praat van besluite wat daar betrokke was waar daar dan besluit was dat ons Houtkop toe sal moet gaan. Dus weet ek niks van h brief nie.

h Petisie, nie h brief nie? -- Daar was geen petisie wat geteken was deur meer mense daar nie op die 26ste.

Of op enige stadium voor 3 September? -- Ek sê ek weet niks nie, behalwe dat ek praat van h memorandum wat oorhandig sou gewees het te Houtkop.

Ek wil oorgaan na h volgende dokument, BEWYSSTUK C129. Die ding se opskrif is "The Release Mandela Campaign." (10) Dit is volume 8. -- Nee, ek ken nie die organisasie nie.

Net volledigheidshalwe sal u ook niks weet wat hier beweer word op bladsy 2 naamlik dat daar in die Vaalkompleks in Evaton, Sebokeng en Bophelong komitees gestig is van hierdie organisasie nie? -- Dit is reg.

Ek sal na die volgende dokument toe gaan E2. Op bladsy 1, dit is h dokument "Transvaal report to the NEC" gedateer 5 November 1983 paragraaf 2 op bladsy 1. Daar word beweer dat "workshops were conducted in the" en dan h klomp plekke en dan onder andere "The Vaal". Wat kan u vir die Hof sê (20) wat se opleidingskursusse was in die Vaal?

HOF : Dit is gedateer 5 November 1983. Dus dit moet voor daardie datum wees. Meld dit net aan die getuie. -- Ek weet niks.

MNR. FICK : Ek verwys u na bladsy 2, dieselfde dokument, hier word beweer dat in die kampanje teen Swart plaaslike besture is daar h program van deur tot deur werk. Huisvergaderings en massavergaderings wat sal uitloop op h aantal "rallies", die einde van November skynbaar 1983. Weet u enigiets van daardie deur tot deur werk? Het julle (30)

in/...

in die VCA so iets gedoen? -- Het dit betrekking op die "workshops" wat u van gepraat het?

Nee. Kom ek vra vir u so. In u kampanje teen die Swart plaaslike besture in die Vaal, het u gebruik gemaak van deur tot deur besoeke? -- Ek kan nie onthou dat Gebied 7 se komitee daardie tipe werk gedoen het nie.

Die volgende dokument wat ek na wil verwys ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Weet u of die UDF in h aksie teen Swart plaaslike besture se verkiesings in November 1983 h deur tot deur werk-
program gehad het? -- Ek weet niks daarvan wat die UDF betref
(10)
nie.

MNR. FICK : Die volgende dokument wat ek u na verwys is BEWYSSTUK L. Dit is h dokument getiteld "UDF Transvaal. Minutes of general council meeting held on 15 October 1983." Ek weet nie of ek vir die Hof se gerief die volgende inligting ook kan meld nie. Op paragraaf 2 word daar gemeld dat die Vaal Civic Association teenwoordig was. Ek het BEWYSSTUK 26 deurgegaan, dit is die presensielys, en daarvolgens op bladsy 27 was Thembekile Hlehluko en beskuldigde nr. 22 op hierdie vergadering. Ek weet nie of die Hof enigiets daarvan wil aanteken nie. (20)

HOF : Wat wil u vir die getuie vra?

MNR. FICK : Ek wil gaan na bladsy 2 paragraaf 4.8. Het die VCA sover u kennis strek die video bekom wat handel oor die stigting van die UDF? -- Ek weet niks van die UDF nie.

Het die VCA enige videos besit? -- Ek kan nie onthou dat ek VCA se videos gesien het nie.

Ek wil dan met u gaan na BEWYSSTUK L7. Dit is h dokument getiteld "The Vaal Action Committee." Die eerste bladsy (30) die/...

die tweede paragraaf word daar beweer dat hierdie komitee "This committee came into action after calls were made on 16 June 1983. The people showed the need of a civic association in the Vaal." Kan u vir die Hof enigiets hieroor sê? Is dit die inligting wat u ook het dat die Vaal Action Committee gestig is na oproepe 16 Junie 1983 se herdenkings? -- Ek weet niks daarvan nie. Al wat ek weet is dat ek teenwoordig was by die stigting van die VCA. Hoe dit begin het en hoe dit georganiseer was, weet ek niks van nie. (10)

Dan op die volgende bladsy, die laaste paragraaf word verklaar "The association is planning a series of house meetings leading to mass meetings in various areas before the elections." -- Watter "association" is dit? VCA?

Dit is so? -- Nie sover ek weet nie. By die stigting van VCA was die volgende gemeld dat die VCA te doene sal hê met die probleme van die inwoners daar, byvoorbeeld die deure van my huis wat verwyder was, huishoudelike probleme van die inwoners. Hulle sou deur VCA genader word en daarna sou daar 'n komitee gestig word om VCA te verteen- (20) woordig in sekere areas. Dit is al wat ek weet wat betrekking gehad het op die VCA.

Het u enige huisvergaderings bygewoon voor die verkiesings van die raadslede? -- Ek verstaan nou nie. Watter huisvergaderings praat u van? Op watter stadium, want ek het al hierso melding gemaak van huisvergaderings wat ek bygewoon het.

HOF : Nee, die advokaat vra voor die November verkiesings van 1983 het u enige huisvergaderings bygewoon? -- Ek weet nie daarvan nie. (30)

MNR. FICK : U antwoord beteken u weet niks van sulke vergaderings nie of u weet nie dat u dit bygewoon het nie? -- Ek sê ek weet niks van sulke vergaderings in 1983 wat in die huise gehou was nie.

Ek wil u dan neem na BEWYSSTUK N2. Dit is 'n dokument getiteld "Minutes of General council meeting held on 10 December 1983, UDF Transvaal." Ek kan vir die Hof se gerief hier weer opmerk dat op bladsy 32 van BEWYSSTUK 26 word aangedui dat Mike Kgaka, Esau en ene Thembi die vergadering bygewoon het. (10)

HOF : Ken u 'n Thembi? Kan dit wees Thembekile Hlehluko? -- Ek ken nie so 'n persoon nie.

MNR. FICK : Ek wil u verwys dan na BEWYSSTUK N3.

HOF : Is u klaar met N2?

MNR. FICK : Ja, ek wou net aan die Hof gemeld het dat die persone teenwoordig daar was.

HOF : Ja, maar wag nou net so 'n bietjie. U is nou besig met hierdie getuie. As u 'n dokument het wat ter sake is by die getuie of as u hom iets oor die dokument wil vra, dan is dit nou interessant, maar u kan nie hier 'n klomp (20) dokumente kom voorlê aan ons wat niks met die ondervraging van die getuie te doen het nie. U is besig met kruisondervraging. Hierdie dokumente is voor die Hof of hulle is nie voor die Hof nie. As hulle voor die Hof is kan u in betoog daarna verwys. As hulle nie voor die Hof is nie, dan kan u glad nie daarna verwys op hierdie manier nie.

MNR. FICK : Al waaroor ek na BEWYSSTUK N2 verwys het is om vir die Hof die name te gee van die persone wat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dankie dat u dit nou sê, maar u kan dit in betoog (30) doen/...

doen aan die einde van die saak.

MNR. FICK : Dan BEWYSSTUK N3 wil ek u na verwys. Op die tweede bladsy paragraaf 7 bo. Daar word verklaar "The UDF Transvaal played the role of providing information, general co-ordination, assisting the organisations in planning activities and producing publications." Dit gaan oor die kampanje van die UDF teen die Swart plaaslike besture. Kan u aan die Hof aandui wat se inligting het UDF verskaf in die geval van die VCA in hierdie kampanje? -- Ek weet niks daarvan nie. (10)

Weet u ook niks van die algemene koördinasie wat deur UDF gegee is nie in hierdie kampanje? -- Ek weet niks daarvan nie, want dit het nie in Gebied 7 se komitee plaasgevind nie. Edith het dit nie aan ons komitee kom rapporteer nie.

En die "assisting the organisations in planning activities", weet u enigiets daaroor? -- "Assistance" aan wie? Aan die komitee van Gebied 7?

Aan die VCA? -- Laat ons mekaar mooi verstaan. Ek is 'n lid van die komitee van Gebied 7. Ek weet nie van ander goed wat daar by die "executive" plaasgevind het nie. (20)
Edith is die enigste persoon wat by die "executive" gedien het en sy het nie by ons verslag gedoen nie.

MR BIZOS : My Lord, perhaps in fairness to the witness it should be pointed out to him that this refers to a time approximately three months before his committee was formed, 19 February.

COURT : 10 December 1983.

MNR. FICK : Ek sal die punt dan daar laat. -- Wat dan verduidelik dat ek niks weet van daardie gevalle nie as my komitee nog nie bestaan het nie. (30)

Ek/...

Ek wil u dan net een ding vra oor BEWYSSTUK 03. Dit is 'n verslag "Vaal Civic Association Report" Januarie 1984. Daar word gesê deur lord McCamel "We hope for real mobilisation and success in the new year." Die kwessie van mobilisasie, is dit ooit bespreek deur Gebied 3 na sy stigting? Ekskuus Gebied 7? -- Ons het nooit die gemeenskap van Gebied 7 gaan aanspreek dat hulle die komitee van ons moet ondersteun nie. Dit is hulle, die inwoners, wat na ons toe gekom het met probleme. Dus het ons geen mobilisasiewerk gedoen nie. (10)

HOF : Wat verstaan u onder mobilisasie? -- Dit beteken om mense te beïnvloed om 'n sekere ding te aanvaar.

MNR. FICK : BEWYSSTUK 04. Dit is 'n dokument getiteld "Vaal Civic Association. Mandate on the Coloured and Indian Referendum." Het Gebied 7 ooit enige mandaat gegee vir die VCA wat u van weet in verband met die standpunt wat hulle moet inneem ten opsigte van die Indiër- en Kleurlingverkiesings? -- Ek kan nie daarvan onthou dat daar enige mandaat gegee was aan die komitee van Gebied 7 om enigiets te kan gaan uitvoer nie. (20)

Dan BEWYSSTUK 11. Dit is 'n dokument getiteld "Minutes of the general council meeting held on 14 April 1984 UDF Transvaal." Volgens BEWYSSTUK 26 was Esau en Mike Kgaka die afgevaardigdes daar en op bladsy 2 heel bo-aan vind ons dat daar gesê word "The meeting agreed to participate with AZAPO for tactical reasons." Is aan u Gebied 7 gerapporteer dat dit die besluit van UDF is dat hulle moet saamwerk met AZAPO oor taktiese redes? -- Ek weet niks van daardie vergadering nie.

Is daar ooit aan julle gerapporteer dat julle met (30)

AZAPO/...

AZAPO moet saamwerk, Gebied 7? -- Ek weet niks daarvan nie.

HOF : Weet u wat is AZAPO? -- Ek hoor net mense praat van AZAPO, AZAPO, dit is 'n organisasie. Ek weet nie watter organisasie dit is nie.

MNR. FICK : Dan dieselfde bladsy, bladsy 2 die laaste paragraaf word daar gesê dat "UDF training committee is planning a workshop of civic associations on 27 and 28 April 1984 at Daleside." -- Ek weet niks daarvan nie.

Was daar nooit op julle vergaderings gerapporteer hier is so 'n seminar en julle is uitgenooi om die opleidings-(10) kursus te gaan bywoon nie? -- Ek kan nie van so 'n vergadering onthou waar dit bespreek was in Gebied 7 se komitee nie.

BEWYSSTUK R2. Dit is 'n dokument getiteld "Minutes of the UDF Transvaal special general council. Meeting held on 14 July 1984." Volgens BEWYSSTUK 26 is die vergadering namens VCA deur beskuldigdes nrs. 7 en 17 en Esau bygewoon terwyl beskuldigde nr. 6 namens Evaton Rate Payers Association hierdie vergadering bygewoon het. Het enige van beskuldigdes nrs. 7, 17 of Esau of enigiemand anders van die (20) VCA aan julle kom rapporteer of julle ingelig op enige vergadering in verband met 'n "joint planning council" wat gestig moet word? -- Ek sê ek weet niks daarvan nie. Tot vandag toe wat ek hier staan het ek nog nooit van daardie rapport gehoor nie. Dus weet ek niks daarvan nie.

Ek verwys na paragraaf 8.1 op bladsy 2. Dan die volgende dokument waarna ek wil verwys is BEWYSSTUK T19. Dit is 'n dokument getiteld "Secretarial report to the General council of the UDF Transvaal held on 25 Februarie 1984. Volgens bladsy 4 onder die opskrif "Million signature campaign" (30)

word/...

word daar gesê dat daar 'n komitee is wat hierdie kampanje reël en dat hierdie komitee gereeld Woensdagaande bymekaar kom en dan word daar 'n oproep gedoen "Please ensure that your area organisation is represented on the committee." Weet u enigiets van daardie komitee wat gesit het en of VCA of Gebied 7 enige verteenwoordigers gestuur het? -- Waar het dit gesit?

HOF : "At the office", seker Khotso House? -- Ek weet niks daarvan nie.

MNR. FICK : Ek wil dan gaan na BEWYSSTUK U4(b). Ek wil (10) eerstens aan u stel dat by hierdie opleidingskursus wat gehou is by Daleside van 27 tot 29 April 1984 en wat aangebied was deur die UDF se "Education Committee" was daar vyf persone wat VCA verteenwoordig het.

HOF : Uit die Vaal? Staan daar dat hulle van die VCA is?

MNR. FICK : Ek sal dit nou duidelik maak. Weet u eerstens enigiets of daar so 'n opleidingskursus aangebied was? -- Ek het al baie maal hier gesê dat ek niks weet van die UDF se doen en late nie.

Ek wil aan u stel dat voor ons kom by BEWYSSTUK U4(b) (20) wat detail gee omtrent wat daar gebeur het op hierdie kursus, uit BEWYSSTUK U4(c) blyk dit eerstens dat Edith Lethlake van Gebied 7 u voorsitter was op hierdie kursus ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou die naamlys?

MNR. FICK : Dit is die naamlys.

HOF : Weet ons dat daardie naamlys gekoppel is aan hierdie vergadering?

MNR. FICK : Dit klop met wat BEWYSSTUK U4(b) aandui dat daar vyf mense van die Vaal is en daar is vyf mense uit (30)

die/...

die Vaal as h mens na hierdie dokument kyk.

HOF : Ja, goed.

MNR. FICK : Eerstens blyk dit dat u voorsitter Edith Lethlake was op hierdie opleidingskursus. Tweedens, Esau Raditsela was ook op hierdie opleidingskursus. Dan vind ons derdens dat Matlakala Moeng was ook op hierdie opleidingskursus. Dan vind ons dat beskuldigde nr. 7, David Mphuthi was ook op hierdie kursus en laastens vind ons dat beskuldigde nr. 17, Sam Matlole, was ook op hierdie kursus. Wil u werklik vir die Hof sê dat niemand van hierdie mense en hulle is (10)

almal Gebied 7, het ooit op enige vergadering wat u by was of op enige ander stadium aan u gerapporteer in verband met hierdie opleidingskursus wat hulle by was nie? -- Wat ek sê daarop is die volgende. Die mense, as hulle soontoe was, was dit besluit by h vergadering deur die vergadering dat hulle soontoe moet gaan, of hulle het op hulle eie gegaan. Wat my betref, h persoon kan h vergadering of h werkswinkel bywoon in sy hoedanigheid as h persoon sonder dat hy uitgewys is deur h vergadering om iemand daar te gaan verteenwoordig.

HOF : Die advokaat stel aan u dat dit eienaardig is dat (20) al hierdie mense van jou gebiedskomitee op daardie vergadering was - op daardie werkswinkel was in April 1984 en dat jy nie daarvan sou weet nie? -- Ek sê so, ja. Ek het daarvan vir die eerste keer gehoor hier in die hof, terwyl hier getuig was daarvan. Ek het eintlik in die beskuldigdebank vir beskuldigde nr. 7 gevra "Maar wanneer het hierdie dinge nou gebeur wat ek nou vandag die eerste keer hoor?" Dit is juis hoekom ek sê ek weet niks daarvan nie, tensy hulle miskien op hulle eie h privaat vergadering van hulle daar gehou het sonder ons wete. (30)

K572

Ja, maar sou dit beteken het dat julle gewone huisvergadering op 'n Saterdag in die slag gebly het daardeur? -- Wat ek sê presies is dat indien 'n vergadering gehou was op 'n Saterdag, dit wil sê een van ons Saterdag vergaderings, waar hierdie dinge bespreek was, was ek nie teenwoordig nie. Met die gevolg ek weet niks daarvan nie.

Hierdie Matlakala Moeng, u ken hom? -- Ja, dit is reg.

Is hy op die komitee? -- Ja, sy is.

Is dit 'n dame? -- Dit is 'n jong dame.

MNR. FICK : Wat is haar pos op die komitee? -- Sy is 'n (10) lid van die komitee.

HOF : Dit is die Gebiedskomitee Gebied 7? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Maar was u nie voor die tyd ingelig en gesê "Luister, kyk, die voorsitter gaan nie hierdie naweek hier wees nie. Die vise-voorsitter, beskuldigde nr. 7, gaan nie hier wees nie. Die tesourier, nr. 17, gaan nie hier wees nie en 'n komiteelid gaan nie hier wees nie. Jy moet net 'n bietjie aandag gee aan watter probleme opduik terwyl ons weg is" nie? -- Ek het hier vir die Hof gesê daar was vergaderings wat gehou was wat ek nie bygewoon het nie, vyf (20) of meer. Indien dit gebeur het gedurende daardie tydperk van die vergaderings wat ek nie bygewoon het nie, dit wil sê as gevolg van die feit dat ek miskien by die werk was of aandag gegee het aan my ander privaat dinge wat my aandag benodig het, sal daar nie 'n kans vir my gewees het om daar gelaat te word om 'n oog te hou oor wat miskien kan opduik in die afwesigheid van die persone soos genoem nie, dus dit sou afgehang het waar ek is by daardie tyd.

Was daar geen terugrapportering gewees by julle vergaderings oor wat daar gebeur het nie? Het niemand ooit (30) gevra/...

gevra na daardie naweek in April of ongeveer in Meimaand 1984 - het niemand ooit gepraat van 'n kursus wat hulle byge- woon het "Ons het dit geleer en dit geleer" nie en dit bespreek? -- Ek het in hierdie hof gesê dat ek die eerste keer daarvan gehoor het in hierdie hof na aanleiding waarvan ek toe vir beskuldigde nr. 7 probeer het om by hom vas te stel wanneer dit plaasgevind het omdat ek geen kennis daarvan gedra het nie.

Was daar enigiets oor hierdie tydperk wat u vir die Hof kan aandui wat gemaak het dat hulle dit vir u geheim (10) sou gehou het en vir nie een sou wou gesê het hulle was by so 'n kursus nie? -- Is dit omdat ek nie al die vergaderings bygewoon nie? Dalk miskien na hulle teruggekom het van die werkswinkel het ek nog vir 'n lang tyd weggebly van die vergaderings wat gehou was, met die gevolg is dat dit dan by my verbygegaan dat ek nie gehoor het wat daar gesê was nie.

Maar as ek na BEWYSSTUK U4(c) kyk, lyk dit vir my asof die komitee van Gebied 7 uitgenooi is na hierdie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, maar dit help u nou niks, want hierdie getuie (20) kan nie U4(c) ontleed nie. Dit is argument.

MNR. FICK : Was daar na Meimaand 1984 gerapporteer en gesê "Kyk, ons taak is, ons moet hierdie Swart plaaslike besture vernietig en ons moet ons eie organisasies versterk"? -- Waar?

Op julle Gebied 7 vergaderings? -- Ek kan nie onthou dat die Gebied 7 se komitee dit bespreek het nie.

Kan u onthou of daar van Meimaand 1984 af klem gelê is op die feit dat julle moet die jeug, die vroue, die vakbonde en die "civics", die gemeenskapsorganisasies, almal (30)

bymekaar/...

bymekaar kry in een gemeenskaplike aanval teen die Swart plaaslike besture? -- Met die stigting van VCA het ons daar ooreengekom dat ons nou as 'n eenheid gaan staan onder hierdie probleme wat ons ondervind om die probleme te kan baasraak.

Na Meimaand 1984 is daar op julle Gebied 7 vergaderings bespreek dat julle gereeld huisvergaderings moet hou? -- Dit is nou in 1984 na die stigting van die komitee?

Ja, na Meimaand 1984? -- Ek weet nie daarvan dat dit in Meimaand gebeur het nie. Wat ek wel vir die Hof kan sê is dat op 19 Februarie 1984 met die stigting van die (10) komitee was die ooreenkoms dat ons elke Saterdag 'n vergadering gaan hou as 'n komitee van Gebied 7. Dus weet ek niks oor Meimaand nie.

Vanaf Meimaand 1984 het julle enige tydperk die besluit geneem dat julle moet nou werk om julle organisasie te versterk? -- Die Hof het my hier aangeraai om die vrae te antwoord met 'n ja of nee. Ek het alreeds gesê nee, ek weet niks daarvan nie.

Ek wil u dan verwys na BEWYSTUK U5(a) en meer spesifiek sommer die eerste bladsy die laaste paragraaf voor die (20) opskrif "Soweto Women's Group." Ek sal die dokument vir u identifiseer. Dit is 'n stuk getiteld "Federation of South African Women Transvaal Workshop." Nou wil ek net hier een stukkie vir u lees die laaste paragraaf, nie die heel laaste een nie. Dit gaan oor die "Vaal Women's Group." Daar verklaar hulle "They also work very closely with the Vaal Civic Association around the high rents and they are starting a rent fund for members." Kan u vir die Hof enigiets hieroor sê? Werk die Vaal Women's Group baie nou saam of het hulle nou saam gewerk met die VCA oor die huurkwessie? (30)

HOF : Dit wil voorkom asof hierdie verslag geskryf is redelik kort na Junie 1984.

MNR. FICK : Dit is vir 'n werkswinkel Junie 1984. -- Ek sal graag wil weet by watter vergadering dit bespreek was, want sover as wat dit my betref het ons begin praat oor huurgelde in Augustusmaand.

Maar weet u of die - net ja of nee - Vaal Women's Group skynbaar voor Juniemaand 1984 al nou saam gewerk het met die VCA oor die huurverhogings?

MR BIZOS : I think in fairness to the witness the whole (10) paragraph should be read to him, because the rent question is a multi-faceted question. Reading the paragraph as a whole I think we may well get a different answer.

HOF : Meneer die Tolk, lees die hele paragraaf vir die getuie voor. (Tolk lees paragraaf aan getuie uit) Voordat u nou met u toespraak begin, laat ons net eers die vraag hoor. Wat is die vraag? -- Ja, laat hy maar vra.

MNR. FICK : Weet u of die Vaal Women's Group nou saam gewerk het met die VCA oor die kwessie van "high rents" hoë huur? -- Edith was my voorsitter gewees by die komitee van Gebied(20) 7 en terselfdertyd 'n lid van die vroue-organisasie. Met die gevolg Edith kon dit bespreek het met die vroumense by die vergadering van die vrouens. Dit wil sê die hoë huur waarvan hier gepraat word omdat dit hulle as vroumense raak. Dit kan wees dat dit ook deur ons as manspersone bespreek word omdat dit vir ons ook raak. Ek sê dit kan wees dat dit bespreek was by hulle en ook by ons. Met ander woorde, as 'n probleem van ons almal. U sal moet verstaan wat ek daarby bedoel. Dit is die volgende. Party huise, daar is die vrou die hoof van die gesin. Sy is die persoon verantwoordelik (30)

vir/...

vir die betaal van die huurgeld. Dit wil sê in daardie sin. Sy word geraak deur die hoë huur. In die ander gesinne vind jy dat h manspersoon die enigste persoon is wat verantwoordelik is vir die huurgelde. Dus is hy geraak deur die hoë huur. So, die vroumens sal dit bespreek onder die omstandighede waaronder sy verkeer betreffende die huurgelde.

HOF : Wil u h verdere ontleding hê van die sosiale struktuur van die Vaal?

MNR. FICK : As ek kans kry wil ek hom stop.

HOF : Vra dan vinnig u volgende vraag. (10)

MNR. FICK : UDF areakomitee in die Vaal Driehoek, wat se kennis dra u van so h komitee? -- Ek weet niks daarvan nie.

Volgens BEWYSSTUK U10(c) die tweede bladsy word daar gesê "After doing evaluation of its activities, the UDF adopted the area committees as ..." (Hof kom tussenbei)

HOF : Nou hoe help dit u as u dit vir die getuie sê? Of is u besig om dit vir my te vertel?

MNR. FICK : Ek wil by hom verneem wat se kennis dra hy van die areakomitee van die UDF.

HOF : Wel, hy sê niks. U het klaar u antwoord. (20)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ek wil met u na h ander aspek toe gaan, 5/6 November 1984 was daar oor daardie tydperk h wegbly-aksie in die Vaal? h "Stay away"? -- Ja, dit is reg.

Het u ook weggebly van die werk af? -- Ja, ek het.

Het die VCA volgens u kennis help reël vir hierdie "stay away"? -- Ek weet nie of VCA enige aandeel gehad het (30)

in/...

in die reëling daarvan nie.

Het julle in Gebied 7 se komitee voor 5 en 6 November hierdie wegbly-aksie bespreek? -- Ons het dit nie bespreek nie. Die wegbly, bedoel u dat ons sommer besluit het om weg te bly?

Nee, het julle voor 5 en 6 November 1984 in Gebied 7 se komitee enigsins die feit dat daar op 5 en 6 November weggebly moet word van die werk af bespreek? -- Dit was nie in ons komitee bespreek nie.

HOF : Het niemand 'n oproep gedoen nie? Het julle sommer (10) maar weggebly? -- Dit was bekend gemaak dat op die 5de en die 6de daar 'n wegbly-aksie gaan wees van die werk, maar waar hierdie besluit geneem was en deur wie, kan ek nie sê nie. Wat ek dus sê is dat in my komitee se vergaderings was daar geen so 'n onderwerp bespreek nie.

Ja, maar beteken dit nou enigiemand kan maar net 'n klompie pamflette druk en versprei en sê daar is 'n "stay away" en dan bly julle almal van die werk af? -- Vir hierdie spesifieke dae wat ons nou van praat, was dit duidelik en goed bekend gemaak dat daar 'n wegbly-aksie gaan wees vir (20) die dae en dit was dus duidelik dat die inwoners dit so aanvaar en dus het hulle weggebly.

Ja, maar wat ek aan u stel is, sê nou maar mnr. A, enigiemand kom en hy versprei in die nag 'n hele klomp pamflette deur die hele woongebied en sê daar is 'n "stay away" die volgende Maandag, sal julle almal wegbly van die werk af? -- Nee, dit sal afhang van hierdie pamflet wat versprei word wat die rede is wat verstrekkend word hoekom ons nie werk toe moet gaan nie.

Hy sê die huur is te hoog? -- Nee, hy moet duidelik (30) wees/...

wees byvoorbeeld deur te sê dat hy n vergadering gehad het en indien wel, met wie en waar, wat die besluite was van daardie vergadering.

Nou goed, in hierdie geval, was daar n vergadering gewees en het die pamflette gesê waar die vergadering was en wat die besluite was van die vergadering? -- Wat ek onthou is dat daar n pamflet versprei was daar wat bekend gemaak het van hierdie wegbly-aksie, maar wat die inhoud van die pamflet was kan ek nie op die huidige oomblik onthou nie, of daar enige vergadering gehou was en of daar enige (10) besluite geneem was deur iemand daaroor.

Ja, maar, dit is vir my eienaardig. Ek kan begryp as iemand wat gesag dra in die gemeenskap of n liggaam wat gesag dra in die gemeenskap sê daar is n "stay away", dat julle dan daarop reageer. Ek kan nie begryp dat u reageer op n oproep tot n "stay away" wat van n non-entiteit kom nie? -- Ek sê dit is korrek dat daar wel n wegbly-aksie was op hierdie dae en daar was n pamflet gewees, maar nou, of daar besluite geneem was en indien wel, deur wie en waar, dit weet ek nie. (20)

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Kon u die pamflet lees? -- Ek kan nie eers meer onthou in watter taal was dit geskryf nie.

Was daar nie gesprekke oor wie die "stay away" afgekondig het nie? -- Die gesprekke daar in die Vaal was dat daar n "stay away" gaan wees op hierdie dae, maar van dit gekom het, het niemand melding van gemaak nie.

MNR. FICK : Die "stay away" was iets wat die hele gemeenskap geraak het? Die skole, die werkers? -- Ek kan nie onthou of dit melding gemaak het van die kinders nie, maar al wat ek kan onthou is dat daar n wegbly-aksie was. (30)

n/...

h Oproep tot h wegbly-aksie is h belangrike ding in julle gemeenskap. Is dit reg? Dit raak baie mense? -- Ja, dit is reg.

U in Gebied 7 en die hele VCA is mos nou daar om te kyk na die belange van die gemeenskap? -- Nee, in Sebokeng, dit is in die Vaal, is dit nie net die VCA wat h organisasie daar is nie. Selfs die raadslede het ook organisasies. As hierdie nou byvoorbeeld die besluit geneem het dat daar nou h "stay away" moet wees, kan hulle dit ook doen.

HOF : Ja, maar u moet nou nie grappies maak nie. Die (10) raadslede het nie besluit op hierdie "stay away" nie. Dit weet u en dit weet ek. -- Ek sê nie dit is hulle nie. Ek maak net h voorbeeld van ander organisasies wat bestaan.

MNR. FICK : Ja, maar kyk, julle het nou, al vir weke hoor hierdie Hof dat julle die "people" verteenwoordig, die VCA en dat die "people" julle opdrag gegee het en al die goed. Julle het ook nou tog, as ek die getuienis reg verstaan, die opdrag om na die belange van die "people", wie hulle ook al mag wees, te kyk. Is dit reg? -- Dit is so dat ons nou vir die "people" verteenwoordig, maar dit het betrek-(20) king op die probleme van die huur.

HOF : Kan u vir my sê, as dit nou nie die VCA is wat die "stay away" georganiseer het of daaraan deel gehad het nie, wie het u gedink reël dit? -- Ek het alreeds gesê ek weet nie waarvandaan kom hierdie ding van die "stay away" nie, dat ek nou moet dink wie kon verantwoordelik gewees het daarvoor nie. Ek weet nie wat om te dink nie.

Waarom nie? -- Omdat dit nie bespreek was by my komitee van Gebied 7 nie en ons dra geen kennis daarvan nie.

Wat het u self gedink, wil ek weet? -- Ek het niks (30)

gedink/...

gedink nie. Dit is wat ek sê.

Wel as u nou moet dink, watter organisasie kon verantwoordelik gewees het vir die reëling van die "stay away" in die Vaal? -- Ek kan aan geen organisasie dink nie. Ek weet niks nie.

MNR. FICK : Toe u nou bekend raak met die feit dat daar h "stay away" gaan wees in die Vaal en die VCA verteenwoordig die "people", wie hulle ook al mag wees, waarom het u nie bymekaar gekom en gesê "Ons moet nou uitvind wat gaan hier aan, wie se 'stay away' is dit hierdie? Moet ons deelneem?(10) Moet ons dit boikot? Wat moet ons vir die 'people' sê" nie? -- Ons het geen so h vergadering geroep om dit te bespreek nie.

Om u woorde te gebruik, u het reeds so gesê. Die vraag is hoekom nie? -- So h gedagte het nie by ons as h komitee van Gebied 7 ontstaan nie.

Hoekom nie? Julle verteenwoordig die "people"? Hier is h oproep aan die "people" om weg te bly? -- Ek het hier vir die Hof gesê dat ons oor die huur gepraat het. Ons bestaan daar het betrekking gehad op die huur, tensy miskien die (20) "stay away" melding gemaak het van die huur. Dalk sou dit my geraak het, maar andersins wat die "stay away" betref destyds, het dit my nie geraak nie.

HOF : Wel, u het seker loon verloor deur die wegbly-aksie. Is dit nie so nie? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Hoe kan u nou vir die Hof sê die "stay away" het u nie geraak nie? -- Daarby bedoel ek ek het niks te doene gehad met die besluit op die wegbly-aksie nie en tweedens, ek kan nie meer onthou wat die rede was wat in hierdie pamflet bevat is nie. Dit is die pamflet wat (30) bekendgemaak/...

bekendgemaak het van die wegbly-aksie.

Ek stel aan u u het geen navrae gedoen in verband met hierdie wegbly-aksie nie vir die eenvoudige rede omdat dit nie nodig was nie, u het geweet die VCA is een van die organiseerders? -- Is dit nou 'n stelling waarop ek moet antwoord of sê u dit net vir my?

Ek wil die antwoord daarop hê.-- Dan sal ek u vra om vir my te kan sê wie die mense is wat daardie besluit geneem het, by watter vergadering dit was? Want my getuienis is dat in my komitee van Gebied 7 was dit nie bespreek nie. (10)

Kom ons kyk na BEWYSSTUK AB7 die vierde bladsy. Dit is getiteld bo-aan "Workers, workers build support for the student struggle in the schools." Is dit 'n pamflet wat u gesien het voor die "stay away"? -- Wat staan daar geskryf op hierdie dokument?

Die vierde bladsy. Wil u net kyk na die dokument self. -- Ek kan dit nie meer onthou nie.

Toe die dokument wat u van praat, die pamflet wat u gesien het, uitgekom het, het u hom vir iemand gegee om vir u te lees? -- Ek sê ek kan nie onthou nie. As u dit dalk(20) vir my kan lees, dat ek hoor wat die inhoud daarvan is, sal ek in staat wees om dit te identifiseer.

Maar nou vra ek vir u, het u die dokument vir iemand gegee toe u dit gekry het om vir u te lees? -- Ek sê ek kan nie onthou nie. Kortliks beteken dit ek ken nie die dokument nie.

Dan twee bladsye verder is 'n dokument met die opskrif "Press statement". Het u enige persverklarings uitgereik voor hierdie "stay away" wat vir u gelees is? -- Ek weet nie.

Weet u of enigiemand van die VCA op 27 Oktober 1984 (30)

na/...

na Khotso Huis toe is vir 'n vergadering? -- Ek sê ek weet niks.

AB8 die tweede bladsy is weer eens 'n pamflet. (Dokument word aan getuie getoon) Dit is dokument getiteld "Stay away Monday and Tuesday 5 and 6 November 1984."

HOF : Dit is die tweede dokument van AB8. Nommer hom (ii). Die vorige een nommer ons (i).

MNR. FICK : Herken u hierdie pamflet? -- Nee, ek herken dit nie.

Op die pamflet wat u van praat wat u gesien het, was (10) daar 'n oproep gewees aan die studente? Wat in die Vaal was wat hierdie "stay away" adverteer het? -- As u my mooi gehoor het het ek gesê ek kan niks onthou waarvan daardie dokument melding gemaak het nie.

MR BIZOS : I merely want to put a general remark on record that documents have been put like this one for instance in respect of which there is no evidence and no admission. Of course, the State can try its luck with ... (Court intervenes)

COURT : Possibly with the right witness.

MR BIZOS : Our failure to object to these matters does (20) not mean that ... (sentence is not completed)

MNR. FICK : Dan wil ek net in die algemeen aan u stel dat die VCA was deel van hierdie groep organisasies wat hierdie "stay away" georganiseer het en u getuienis is vals in hierdie verband? -- 'n Deel van watter mense was VCA gewees?

Kyk, u moet vir my duidelik stel waarvan u praat.

VCA, stel ek aan u, was een van die organisasies van 'n klomp organisasies wat gereël het dat hierdie "stay away" op 5 en 6 November moet plaasvind? -- Aangaande die huur, ja, nie met ander goed nie.

(30)

HOF : Nee, nee, u moet nou nie die vraag verkeerd verstaan nie. Die stelling aan u is dat die VCA en ander organisasies hierdie "stay away" saam gereël het? -- Ek ontken dit.

MNR. FICK : Toe hierdie "stay away" bekend geword het dat daar so n "stay away" is, het enige organisasie in die Vaal georganiseer dat dit uitgevoer moet word, die "stay away"? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Ek wil dan met u gaan na n aantal dokumente wat handel oor die opmars van 3 September 1984. Eerstens wil ek aan u n dokument stel AN8 die derde bladsy daarvan. Die (10) opskrif is "Vaal Case study sheet 2." Hier word op hierdie derde bladsy gesê die eerste paragraaf eers "Opposition to rent increases. Opposition, however, when it came in the form of organised and legal resistance. Residents and union organisations such as the Vaal Civic Association, Sharpeville Anti-Rent Committee, the Vaal Women's Organisation, COSAS, AZAPO and the UDF, United Democratic Fronty and various local trade unions, such as the Orange Vaal General Workers' Union, Engineering and Allied Workers' Union." Kan u vir die Hof sê, is hierdie stelling reg dat (20) hierdie organisasies almal teen die huur van die Vaal opgetree het? -- Indien die skrywer hiervan n goeie kennis gemaak het van hierdie organisasies, dan sal ek sê volgens hom is dit korrek.

HOF : En volgens u? -- Ek weet nie. Ek dra geen kennis van daardie organisasies nie.

MNR. FICK : Onder dieselfde opskriffie nog en op dieselfde bladsy net voor die opskrif "Monday, 3 September 1984" wil ek aan u lees. Daar word verklaar "On the Monday morning, 3 September 1984 the people met in Sebokeng and decided (30)

to/...

to march to Houtkop Administration offices." Nou die belangrike "A decision to invite the Lekoa town councillors to join them was also taken." Is dit reg? -- Dit lyk vir my ek en u is nie op dieselfde vlak van die bespreking nie in die sin, u sê die dokument is gevind by UDF in Johannesburg en dit maak melding van organisasies waarvan ek nie kennis dra nie en u maak nou 'n verdere stelling van besluite wat geneem was daar, laat ons eers by hierdie punt verbykom. Wie is die skrywer hiervan? Waarvandaan kom hierdie inligting? Sodat ons mekaar mooi kan verstaan. (10)

Solank u gaan teenvrae vra gaan ons nêrens kom nie. Die vraag was eenvoudig, is hierdie reg? -- Ek weet niks van hierdie dokument nie. Dus weet ek niks van die inhoud daarvan nie.

Dit is nie die vraag nie. Die vraag is, is die bewering reg dat daar 'n "decision" was om die "Lekoa town councillors" uit te nooi om saam te gaan? -- Omrede ek niemand so 'n verslag gegee het aangaande dit nie, weet ek nie daarvan nie. Die skrywer hiervan weet ek ook nie waarvandaan die skrywer hierdie inligting bekom het nie. (20)

Dan wil ek met u gaan na 'n volgende dokument in dieselfde boek BEWYSSTUK AN12. Dit is 'n UDF Nuus van November 1984. Die bladsy met die groot opskrif "Huurders sê nee." In die eerste kolom onder die hofie "Geweld neem oor" vind ons weer die volgende. "Op Maandagoggend het die mense vreedsaam begin marsjeer. Hulle het 'n lid van die Evaton Council, Leburu Liphoko gevra om saam te stap. Hy het geweier en op hulle geskiet." Kan u enige kommentaar daarop lewer? -- Ja.

Is dit reg? -- As hierdie verslag nou verwys na die (30)

optog/...

optog wat vanaf die Roomse Kerk vertrek het, dan is hierdie leuens wat hier bevat word.

MR BIZOS : Perhaps the witness should be told that it was published in Salt River.

COURT : Does the vicinity where it is published have anything to do with the veracity of the statement?

MNR. FICK : Behalwe u mars, weet u van enige ander marse wat op dieselfde dag ongeveer dieselfde tyd was in die woongebiede? -- Ek weet van een mars wat van die Roomse Kerk vertrek het tot by die punt waar die optog uiteen gegaan (10) het as gevolg van die polisie-optrede. Ek dra geen kennis van n ander optog nie. Dit is hoekom ek sê hierdie verslag hierso is leuens want hierdie optog het nooit daar aangedoen nie.

Ek wil dan met u gaan na dokument W32. Dit is in volume 6 van die W-reeks. Dit is n artikel wat gaan oor "The Vaal frustration drove the people to active resistance." Daar is groot gedruk "front line". Nou wil ek vir u lees uit die derde kolom aan die onderkant op dieselfde bladsy. Daar verklaar iemand wat namens die Vaal Civic Association (20) praat. Ons weet nie wie hy is nie. Hy sê in verband met die huurverhoging "We planned to discuss this with the community councils and the development board. They put their foot down and said we would not meet you. Whether you like it or not, the increment is on." -- Ek dra geen kennis daarvan dat in die komitee van Gebied 7 bespreek was nie. Al wat ek weet wat bespreek was was dat ons besprekings sal gaan uitvoer met die Administrasieraad, nie die Stadsraad, dit wil sê die raadslede nie. Waarvandaan hierdie persoon met hierdie verslag kom, weet ek nie. Dus het ek geen (30)

komentaar/...

kommentaar daaromtrent nie.

Dan op dieselfde bladsy die laaste kolom die laaste paragraaf voor die opskrif "How has the civic grown." Dit is omtrent in die middel van die kolom. Dit begin "Through its encouragement of sectors", daardie paragraaf. Ek sal die eerste sin uitlaat en dan die tweede sin gaan oor die VCA dan verklaar hierdie persoon "It is no longer just a broad co-ordinator, but more a united front for the Vaal complex. At the present moment others are seeking affiliation, while the Vaal Women's Organisation has been(10) formally accepted as part of the VCA. Those busy organising the Vaal Youth Organisation see the VCA as the parent body and will forward application for affiliation as soon as they are constituted." Kan u vir die Hof eerstens sê is dit korrek dat die VCA eintlik n soort van n "united front" in die Vaal was vir al die organisasies? -- Daar bestaan nie so iets nie. Dit is malligheid.

Is die Vaal Women's Organisation formeel aanvaar as deel van die VCA? -- Ek weet nie daarvan dat die vroue-organisasie onder die VCA werk nie. (20)

Maar het u vrou u nooit gesê nie? Sy is tog op die ding?

MR BIZOS : May I just draw Your Lordship's attention that on page 1 this was published after the accused's arrest and it speaks of the present moment. So, in addition to everything else, we have that problem.

MNR. FICK : Met respek, dit gaan oor die gebeure van 3 September.

HOF : Ja, maar hy is gearresteer in November 1984.

MNR. FICK : Ek wil by hom hoor wat is sy kennis van hierdie/... (30)

hierdie algemene stellings.

HOF : Ja, maar die stelling is "It is no longer just a broad co-ordinator but more a united front." Dit is in Desember.

MNR. FICK : Dit is so en dan word daar gesê dat "At the present moment others are seeking for affiliation while the Vaal Women's Organisation has been fully accepted ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, in Desember.

MNR. FICK : Ja, maar nou - kan ek u so vra, voor u arres, het u geweet of die Vaal Women's Organisation formeel (10) deel is van die VCA? -- Ek het nie daarvan geweet nie.

In dieselfde paragraaf word daar gesê dat "It is no longer just a broad co-ordinator but more a united front." Terwyl u nog nie gearresteer was nie, was die VCA die breë koördinator van die organisasies se aktiwiteite in die Vaal? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Waar lei die kruisverhoor ons heen? Ons neem h'n dokument wat gedruk is na die man gearresteer is en stel h'n klompie stellings aan hom, wat hy nie eers kan self lees nie en dan kry u antwoorde "Ek weet nie." Nou waar bring (20) dit ons? Gaan u bewys dat die dokument se stellings korrek is? As u dit nie gaan bewys nie, waar bring die hele ding ons?

MNR. FICK : Eerstens weet ek nie of hierdie man weet nie. Tweedens ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, ek dink u het nou genoeg gehoor dat hy nie weet nie.

MNR. FICK : En tweedens weet ek nie wat die verdediging gaan kom sê oor hierdie dokumente nie. Ons is totaal in die duister. Gaan hulle dit betwis? Gaan hulle sê dit (30)

is/...

is die waarheid? Gaan hulle sê die getuies het h fout gemaak?

HOF : Wel, u kan net eenvoudig h paar vrae vra sonder om hier op die dokument in te gaan. Dan dek u die inhoud van die dokument op daardie manier.

MNR. FICK : Ek sal dit korter sny. Ek wil u verwys na h volgende dokument W42 volume 8 van die W-reeks. Dit is h UDF Nuus van Oktober 1984

HOF : Ek het dit as dokument 4. Is dit die dokument wat u wil hê? (10)

MNR. FICK : Dit is die dokument. Op die tweede bladsy van hierdie dokument word daar verklaar in die laaste kolom - u het vir die Hof gesê hierdie mars wat aangestap het daar op 3 September het in stilte gestap toe hulle die polisie sien. Is dit korrek? -- Bedoel u op die punt waar hulle op die ou end op ons geskiet het?

Dit is korrek? -- Ja, ek sê so.

Nou volgens die berig word daar gesê "Like Sharpeville 20 years ago they were met by bullets while they shouted 'Asinamale'." Julle het nie geskreeu daar toe julle op (20) pad was na die polisie toe nie? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Dan BEWYSSTUK W63 dit is in volume 11. Die opskrif is "In flames." Die tweede kolom wil ek u net een vraag vra. Daar word beweer dat op Sondag, 2 September was daar drie massavergaderings gehou in die Vaal area. Weet u van hulle? -- Nee, ek weet niks daarvan nie.

Dan net op die volgende bladsy die laaste kolom onder die foto staan daar "Businesses owned by the councillors were the first targets." Sal u saamstem dat die raadslede (30)

se eiendom van die eerste ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar staan dit?

MNR. FICK : Bladsy 4 die laaste kolom heel bo. Stem u saam met daardie stelling? -- Ek was nie teenwoordig waar die aanvalle plaasgevind het nie. Dus weet ek nie waar hulle begin het en waar hulle geëindig het daar nie.

Ook die berig in W58 volume 9. Dit is "Congress Resistor" uitgegee deur Transvaal Indian Congress onder die opskrif "The truth behind the Vaal struggle." Ook hierso waar beweer word dat julle geskreeu het "Asinamale" toe (10) die polisie op julle geskiet het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar staan dit wat u nou lees?

MNR. FICK : Die laaste kolom in die middel van die bladsy "Like Sharpeville 20 years ago they were met by bullets while they shouted 'Asinamale'. Many people were injured." U sê ook hierdie berig in hierdie koerant is verkeerd? -- Dit is pure leuens.

Dan volume 10 W60 bladsy 25. Dit is 'n publikasie. Ek sal hom identifiseer vir die Hof. Dit is 'n dokument uitgegee in November 1984 deur die UDF, die Black Sash, (20) TIC, Transvaal Anti-PC, JODAC, DESCOM, DPSC en Human Awareness Programmes. Op bladsy 25 daarvan sê die UDF en hierdie ander organisasies die volgende "Two thousand Sebokeng residents decided to march to the Houtkop Administration offices and invite the Lekoa town councillors to join them. On the way to the Administration offices they stopped at the home of councillor Caesar Motjeane and asked him to join them. Instead he allegedly opened fire on the crowd, hitting two people." -- Ek sê dit is net leuens, net leuens in daardie hele ding, wat ek was heel voor in hierdie (30)

optog/...

optog gewees. Daar was geen mense van die optog wat aangedoen het by enige van die raadslede se wonings om hulle te nooi om saam te gaan nie. Hierdie verslag is dus pure leuens soos dit hier staan.

Die laaste dokument wat ek aan u wil stel is W70 volume 12. Die bladsy is die agtste bladsy. Die opskrif is "Vaal residents stand united." Dit is a Speak van November 1984. Ek wil daar aan u meld die tweede kolom die tweede paragraaf. Dit gaan oor die mars waar hulle sê "This peaceful protest action was met with gun fire from a (10) councillor." Dit was nadat "thousands of people then took to the streets in a peaceful march." Is hierdie stelling ook verkeerd? -- Net waar hy sê van die raadslid is dit nie korrek nie. Die res is reg.

Ek wil aan u stel dan finaal dat u getuienis oor die vergaderings van 9 Oktober 1983 en 26 Augustus 1984 naamlik dat daar geen geweld gepleeg is nie, is vals? -- Waar kom u met daardie soort van stelling vandaan, want ek was by daardie vergaderings.

Sê net ja of nee as dit moontlik is, dan kan ons (20) klaar kry? -- Dit is wat ek sê dit is nie die waarheid wat u aan my stel nie.

Tweedens wil ek aan u stel dat die vreedzaamheid van hierdie mars wat u van praat is vals, julle was geen vreedsame mars nie? Ja of nee? -- Ek sê die mars was baie vreedsaam gewees.

Dan stel ek dit aan u hierdie mars was nie vreedsaam nie, omdat julle het pas gekom van die huis van 'n raadslid waar julle hom en 'n ander persoon doodgemaak het en sy eiendom verwoes het? -- Watter raadslid is dit wat u van (30) praat/...

praat?

Motjeane? -- Dit is ver van die waarheid daardie.

Dan wil ek aan u stel dat die VCA se doel was om soveel mense moontlik te mobiliseer rondom die griewe, soos die huurkwessie en die ander griewe wat daar in die Vaal was? -- Ek wil dit aan u duidelik stel dat u stelling nie die waarheid is nie, want ons huise was daar gesluit en terselfdertyd was hierdie huurgeld hoog gewees. Huise word gesluit omdat die huurgeld nie bekostig kan word nie en hoekom daar 'n stigting van VCA was as gevolg van daardie redes. (10)

Dan wil ek aan jou stel die volgende een dat julle in die VCA het hoegenaamd geen plan gehad van watter aard om iets aan hierdie griewe te doen nie, behalwe om die mense te gebruik om die mense op te sweep? Ja of nee? -- Nee, nee, nee, hier moet ek vir u sê wat het gebeur. Ek moet aan u verduidelik dat voor die stigting van die VCA het ek al deelgeneem om te stem vir 'n raadslid wat nie daarin kon slaag nie. Bo en behalwe dit, die huur was verhoog gewees en my huisdeure was al verwyder. Dit is nou die rede hoekom dit gesê kan word dat die raadslede nie daarin kon slaag (20) om mense se probleme op te los nie. Dit is wat ons van praat. Die VCA was net gestig gewees. Dit het nie genoeg kans gehad om 'n bewerkstelling uit te voer nie. Het hulle kans gehad sou hulle alreeds met die Administrasieraad daar gesprekke uitgevoer het en baie probleme opgelos het.

Ek stel dit aan jou dit was julle doel van die VCA om samewerking met AZAPO, COSAS en die UDF te verleen om Swart plaaslike besture onwerkbaar te maak daar in die Vaal? -- Wil u my laat verstaan sedert die jaar 1977 tot 1985 het daar nog niks reggekam nie? En die huur bly verhoog word?(30)

Wat/...

Wat sê ons dan, wat se werk is daar gedoen in daardie jare as die Swartwoonbuurtes se verteenwoordigers gewerk het?

Ek stel dit aan u dit was julle planne, die VCA om hierdie Swart plaaslike besture se funksies, na julle dit onwerkbaar gemaak het en tot niet gemaak het, oor te neem? -- Ons wou gehad het die Administrasieraad moet kom oorneem.

En laastens in die hele tyd vandat die VCA gestig is totdat die gebeure van 3 September plaasgevind het, het geen onderhandelinge met die Administrasieraad plaasgevind om hulle die beheer te laat oorneem nie. Is dit korrek? -- (10) Heeltemal reg. Dit is juis die rede hoekom daar besluit was op die 26ste dat die raad, dit wil sê die Administrasieraad gesien moet word voor hierdie huurgeld wat verhoog is.

K573

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : After 3 September when there was this struggle in the Vaal Triangle, did you continue meeting regularly at your zone committee 7 every Saturday and were all your members available to meet? -- No, there was no chance of that kind at all.

Did you in fact meet at all after 3 September as a zone 7 committee on any sort of regular basis? (20)

MNR. FICK : Voor die getuie antwoord, die Staat maak beswaar. My Geleerde Vriend het die geleentheid gehad om daardie getuienis te lei in hoof wat na 3 September gebeur het of hulle vergader het.

HOF : Ja, maar u het hom gevra oor of hierdie vergaderings ooit die volgende dinge bespreek het, onder andere die "stay away" en dit is baie belangrik om te weet of hulle ooit vergader het om dit te kon bespreek. Die vraag word toegelaat.

MR BIZOS : Did you meet regularly after this day and were all the people available to meet? -- They were not at all (30)

available/...

available.

HOF : Let us just get clarity now. Were the people not available or did you not meet regularly or did you not meet at all? -- We have not met at all because our chairman was no where to be found and things were just confused. You did not know where to find who and when.

MR BIZOS : When did your chairman disappear? -- Although I cannot remember exactly when it was when our chairman disappeared, but our chairman got arrested during a certain period. I cannot say what month it was. The same applies (10) to our vice-chairman.

Was it before you were arrested? -- That is true.

Do you remember how long before you were arrested your chairman was arrested? -- I cannot quite remember. I am under correction. It could be one, two or three weeks. I am not certain as to how long that was.

This stay away that there was on 5 and 6 November, do you know whether this was a call just to the Vaal or whether the call was made to a wider area? -- From what I understood the stay away was meant for the whole of this country. (20)

Can you recall where you were at approximately 06h00 in the morning on 3 September, the morning of the trouble? -- Do you mean the 3rd?

